Stil Saterdag

***Jaco van Niekerk** is leraar van die gemeente Ermelo.*

Etlike jare gelede, toe ek nog ’n jong dominee en kort in die bediening was, het ek onvrede in my hart oor die viering van Paasfees – en veral die inrigting van die eredienste oor Paasnaweek – begin ontwikkel.

In ons gemeente was die erediens op Goeie Vrydag ’n volledige erediens *met* nagmaal, en die erediens op Opstandingsondag ’n gewone erediens *sonder* nagmaal. My dilemma was dat hierdie twee eredienste niks met mekaar in gemeen gehad het nie, terwyl die viering van Jesus se kruisiging en sterwe aan die een kant en sy opstanding aan die ander kant, tog maar net twee kante van ’n muntstuk is en nie van mekaar geskei behoort te word nie.

Ek het toe begin om die eredienste op hierdie twee feesdae as één erediens in te rig.

Op Goeie Vrydag verloop die erediens aanvanklik soos enige erediens: Votum en seëngroet, loflied, gebed en Skriflesing, preek, waarop die nagmaalviering volg. Maar direk nadat die tekens gebruik is, staan die gemeente op en stap uit die kerk uit. Daar is geen lofverheffing, antwoordlied of seën nie – daar is selfs geen musiek nie.

Tydens Opstandingsondag kom die gemeente terug en kom sit in ’n grafstil kerk. Wanneer die kerkklok lui om die begin van die erediens aan te dui, staan hulle sonder aankondiging op en sing met orrelbegeleiding “Die Heer, die Heer het opgestaan!” (Liedboek 422). Daarná volg ’n seëngroet, ’n loflied, ’n gebed en Skriflesing, gevolg deur ’n preek, offergawes, antwoordlied en seën. Één erediens dus, versprei oor drie dae.

Mettertyd het ek begin wonder: Wat is die lidmate nou eintlik veronderstel om te doen met die ongeveer 48 uur wat tussen die twee helftes van hierdie één erediens verloop? Niemand kon my regtig ’n goeie antwoord gee nie, behalwe ’n boer van ’n buurdorp waar ek eenmaal oor Paasnaweek die gasprediker was. Sy getuienis was dat hy die hele Saterdag alleen tussen sy skape was en byna die hele dag in gebed deurgebring het – en groot seën beleef het.

Toe hoor ek later by my meer akademiese kollegas dat daar ’n hele geskiedenis rondom “Stil Saterdag” (ook genoem “Treursaterdag” of “Heilige Saterdag”) is. Die doel van hierdie artikel is glad nie om hierdie geskiedenis te probeer beskryf, of selfs net op te som nie. Wat my meer interesseer, is hoe gemeenteleraars gemeentelede kan lei om Stil Saterdag in te klee op ’n manier wat hulle help om die eenheid van die Paasgebeure beter te begryp en te beleef.

Stil Saterdag

Die geskiedenis vertel dat gelowiges reeds in die tweede eeu nC op hierdie Saterdag tussen Goeie Vrydag en Opstandingsondag gevas het. Die vas het, gewoonlik ter voorbereiding van die viering van Jesus se opstanding, op ’n nagwaak uitgeloop.

Van vas weet ek baie min! ’n Nagwaak is verder vir die meeste van ons ’n vreemde gebruik waarby ons nie maklik aansluiting sal vind nie. Tog reken ek ’n mens sou op Stil Saterdag by die gedagte van vas kon aansluit. Lidmate sou aangemoedig kon word om op hierdie dag te vas van iets waarvoor elkeen baie lief is, byvoorbeeld koffie, biltong, sjokolade, die koerant, visvang of enigiets wat hulle normaalweg op hierdie dag sou geniet. Die uitsluitlike doel moet wees om, wanneer hulle verlang na dit waarvan hulle hulle tydens die vas onthou, te onthou van die offer wat Jesus gebring het. Hierdie verlange word gestil – of minstens hanteer – deur ruim tyd in gebed deur te bring.

Lidmate kan ook oor die inhoud van Stil Saterdag se gebede begelei word. Tradisioneel was Stil Saterdag ’n dag vir treur- en boetegebede wat knielend gebid is. Hedendaagse gelowiges sou ook hiervan ’n dag van introspeksie, skuldbelydenis en nadenke oor hulle geloofslewe kon maak. Ons almal kan waarskynlik aan talle psalms dink om lidmate se gedagtes vir hierdie doel te stimuleer.

Tradisioneel het gelowiges se treur- en boetegebede op Opstandingsondag plek gemaak vir jubelsange en -gebede wat staande gesing en gebid is. Doen moeite om klem te lê op lofprysing in die tweede helfte van Paasnaweek se één erediens – die Sondagmôre-helfte.

Hoewel my ervaring is dat baie 21ste-eeuse mense maar skrikkerig vir stilte en alleenwees is, kan die waarde van ’n “dag alleen in gesprek met die Here” – Stil Saterdag – nie oorbeklemtoon word nie.

Moedig lidmate aan om:

- tuis te bly
- nie radio’s of TV’s aan te skakel of musiek te luister nie
- op eie gedagtes te konsentreer
- die minimum gesprek met ander gesinslede te voer
- eenvoudige maaltye wat vooraf voorberei is te eet
- slegs die Bybel te lees en daaroor na te dink en te bid. Lees op hierdie dag sommer ’n hele evangelie deur – byvoorbeeld die een waaruit daar by altwee helftes van die één erediens gepreek word.

Moedig lidmate wat daarvan hou om visueel en simbolies gestimuleer te word aan om iewers in hulle huise ’n eenvoudige kruis op ’n strategiese plek te plaas waar almal dit ’n hele paar keer deur die loop van die dag sal sien.

Ek lees dat swart die kleur is wat met Stil Saterdag geassosieer word. Die kruis kan in swart gedrapeer word. ’n Mens sou op hierdie dag ’n swart kledingstuk kon dra, of ’n gordyn of blinder sou vir die hele dag toegetrek kon bly sodat (byvoorbeeld) die leefvertrek van die huis die hele dag donker bly. In kontras met die donkerte, kan ’n kers of kerse gebrand word om as simbool te dien van die lig wat nooit uitgedoof kan word nie, al lyk dinge ook hóé donker.

Dis my beskeie mening dat leraars met min moeite Stil Saterdag nuut aan hulle lidmate kan “bemark”. Só kan ons hulle help om ’n bietjie aan die kommersialisering van die 21ste-eeuse Paasnaweek te ontsnap.

NUUT

KAN ONS NIE MAAR NET SAAMBLY NIE?

OF SAL ONS EERDER TROU?

Plaas jou bestelling by www.bmedia.co.za of skakel ons by 0860 26 33 42. Jy kan ook 'n faks stuur na 021 873 0832 of 'n e-pos aan bestel@bmedia.co.za

WIE HET GESÊ ONS MOET TROU OM MEKAAR LIEF TE HÊ?

Die rebelse gees van die laat sestigerjare het vrae oor die instelling van die huwelik laat ontstaan. Wie het gesê ons moet trou om mekaar lief te hê? Dié vraag het 'n domino-effek gehad – jongmense, respektabeles, geskeides, gepensioeneerdes en opportuniste het saambly 'n algemene verskynsel gemaak.

Dit het tot onlangs gelyk of die kerk dit nie raaksien nie. Of dalk nie wil raaksien nie. Nou het dit egter weer 'n aktuele saak geword wat 'n publikasie soos *Kan ons nie maar saambly nie?* noodsaaklik maak. In dié boek gee 'n paar kundiges hulle mening oor waarde-gedrewe verhoudings. Hulle praat egter nie net óór saamblyverhoudings nie, maar vertel ook die verhale van 'n paar saamblyers.

PRYS: R64,95

Kan ons nie maar net saambly nie?
Die Bybel oor liggaamlikheid, seks en die huwelik in veranderde tye
Chris Jones (red)

Kan ons nie maar net saambly nie? is 'n byderwetse publikasie wat gemik is op die 20-plussers. Hierdie publikasie wil jongmense tot groter emosionele en geloofsvolwassenheid begelei sodat hulle met teologies-etiese waardes verantwoordelike besluite kan neem.

BM
BYBEL-MEDIA